

HOOFSTUK. 6 .

KRYGSMAN IN NATURELLE - OORLOË.

Nadat die Eerste Vryheidsoorlog beëindig is, het die naturelle-moeilikhede op die suidwestelike grense van die Suid-Afrikaanse Republiek Cronje se aandag in beslag geneem. Dae oorlog het die vrede ook onder hierdie naturelle¹⁾ stamme verstoort. Reeds op 5 Februarie 1881 het die Baralong-opperhoofde, Moshette en Montsioa, bymekaar²⁾ gekom om te besluit aan wie se kant hulle sou staan - die Boere of die Engelse. Moshette wou nie sommer kant kies nie. Hy het verklaar dat hy sy gewig by die oorwinnende party sou inwerp. Montsioa is deur die Engelse as hoofkaptein erken en daarom het hy sonder omweg verklaar dat hy Engelsman is.

Hy het dit as 'n geleentheid beskou om op een van die klein Baralong-opperhoofde, Machabi,³⁾ wraak te neem. Hy het in die nag van 2 Mei 1881 'n onverwagte aanval op Machabi gemaak en 'n hele aantal mans en vrouens, baie waarvan aan die stam van Moshette behoort het,⁴⁾ vermoor.

Omdat Cronje gedurende hierdie tyd vir die suidwestelike grens verantwoordelik was, het hy, nadat hy van die voorval in kennis gestel is, 'n kommando onder kommandant Greeff van Lichtenburg opgeroep en die na die grens gestuur om/.....

-
- 1). Dr.W.J.Leyds: Het Insluiten ..., Deel 1, bls.108; J.A.Mouton, bls.121; C.3098, bls.28.
 - 2). Ibid.
 - 3). Sy vader het met die Boerekommando's teen Moselikatze opgetrek. Op 'n vergadering van 5 Febr. 1881 het hy geweier om hom aan Montsioa te onderwerp.
 - 4). Dr.W.J.Leyds: Het Insluiten...., Deel 1, blse. 108 -109; J.A.Mouton, bls.121. In die nag is 72 mans en 12 vrouens gedood.

om die orde te herstel en verdere moeilikhede te voorkom. 5)

Toe hierdie handelswyse van Cronje bekend geword het, was die Koninklike Kommissie ontevrede. Die optrede was met die ooreenkoms van 21 Maart 1881 in stryd. Die slotsom waartoe die Koninklike Kommissie gekom het, was om P.J.Joubert en majoor Butler na die grens te stuur om die geskil uit die weg te ruim. Cronje se kommando moes ontbind word en het opdrag^{ge} kry om nie weer onder die wapen te kom voordat be- hoorlik deur die Driemanskap opdrag daartoe gegee is nie. Hy en kommandant Greeff moes na Newcastle gestuur word om aan die Koninklike Kommissie verslag te doen. 7)

Die suidwestelike grensgeskil sou nie dadelik opge- los word nie. Nog 'n aantal jare sou dit 'n bron van moeilik- heid vir die Suid-Afrikaanse Republiek wees. Terwyl daar ge- poog is om 'n oplossing te vind, het die toestand onder die naturelle in die noordelike Transvaal ook sorgwekkend ge- word. In die Lydenburgse distrik het die opstandigheid van die/..... 8)

-
- 5). B.V.2 , Nr. 267: Brief van P.A. Cronje aan kommandant Greeff van Lichtenburg, 12 Mei 1881.
 6). Dr. M.Heyns, bls.401; C.3219, bls.25, 12 Mei 1881:

In klousule 2 van die ooreenkoms van 21 Maart 1881 het Kruger, Joubert en Pretorius die Susereiniteit van Groot Brittanje en Ierland erken. Hulle het ook onder- neem om aan die kommissie die reg te verleen om voorsorg vir die beskerming van belanghebbende inboorlinge te maak; en wat die grenssake betref het hulle die voorbe- houd, met betrekking tot Buitelandse moondhede aan die Suserein oorgelaat.

- 7). B.V.10, Nr.47 : Koninklike Kommissie aan P.J.Joubert, 12 Mei 1881; Dr.M.Heyns, bls.401; J.A. Mouton, bls.121.
 8). K.G.271: R.746/82 : Brief van B.J.Vorster, Rhenoster- poort aan die regering, 23 Aug.1882;
 H.P.van Coller: Mampoer in die Stryd om die Bapedi-troon, bls.23. (M.A.verhandeling, Univ. van Pre- toria. 1942. Gepubliseer in Historiese Studies, Jaargang 3 Nr.3-4.Okt.-Des. 1942.)

9) 10)
 die Mapoch-stam moeilikheid voorspel.

Terwyl die regering sy hande met hierdie veelvul-
 dige natuurlike-moeilikhede vol gehad het, het Mampoer¹¹⁾ en
 'n paar van sy volgelinge in die nag van 13 Augustus 1882
 die Bapedi-opperhoof, Sekoekoeni, vermoor.¹²⁾

Kommandant-generaal P.J. Joubert het as gevolg hier-
 van op 1 September 1882 aan Niabel, die Mapochopperhoof, 'n
 skrywe gerig waarin hy hom waarsku om nie vir Mampoer onder
 sy beskerming te neem nie. Hy moes die voortvluggende moor-
 denaar opspoor en aan die regering uitlewer.¹³⁾ In dieselfde
 brief word hom meegedeel dat die Lokasie-Kommissie¹⁴⁾ eerdaags
 na Mapochsland sou afreis om volgens die bepaling van die
 Pretoria-Konvensie 'n begin te maak met die afbakening van
 die lokasie vir sy onderdane.¹⁵⁾ Hy vra vervolgens 'n opgaaf
 van die aantal natuurlike onder Niabel om daarvolgens die groot-
 te van die lokasie te bepaal.¹⁶⁾

Niabel/.....

-
- 9). 'n Naturelle stam wat sy kraal in die Republiek sestig myl reg noord van Middelburg en 40 myl wes van Lydenburg gehad het.
- 10). S.N.8 : Brief van Landdros A.T.Janse, Lydenburg, aan P.J.Joubert, 23 Augustus 1882.
- 11). Mampoer was 'n half-broer van Sekoekoeni en 'n aanspraakmaker op die Bapedi-troon.
- 12). R.3688/83 in SS.576: Verslag van D.J.Erasmus, Magalis Stad, 15 Aug.1882.
- 13). K.G.271 : Brief van Kommandant-genl.P.J.Joubert aan Niabel, 1 September 1882.
- 14). Volgens die Pretoria Konvensie in die lewe geroep. Dit het bestaan uit P.J.Joubert, Die Britse Resident Hudson en H.J.Schoeman.
- 15). K.G.271: Brief van Joubert aan Niabel, Ibid.
- 16). Ibid.

Niabel het beslis geweier om die kommissie te ontmoet omdat hy homself as 'n onafhanklike opperhoof beskou het. Hy het die tweede opdrag van die regering ook opsetlik verontagsaam deur aan Mampoer beskerming te verleen.¹⁷⁾ Die Lokasiekommissie het by hom aangedring om met sy werksaamhede voort te gaan, maar moes onverrigtersake terugkeer nadat Niabel hulle gruwelik beledig het.¹⁸⁾

Hierdie brutale houding van Niabel het die regering genoodsaak om die Kommandant-generaal op 2 Oktober 1882 te gelas om soveel manskappe as wat hy vir die komende stryd nodig ag, op te kommandeer.¹⁹⁾

Cronje en sy burgers in die Potchefstroomse distrik is as gevolg van hierdie regeringsbesluit ook aangesê om na die vesting van die vyand op te trek. Die opgekommandeerde burgers het pragtig gehoor gegee; slegs die Schoonspruiters was onwillig om dadelik op te trek. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog was hulle geruime tyd van hulle plase op kommando weg. Hulle het dit dus as onbillik beskou dat hulle so gou hierna weer aangesê word om krygsdiens te verrig. Cronje het 'n verskoning vir hulle optrede gevind. Op 17 Oktober 1882 rig hy 'n skrywe aan die regering waarin hy meedeel dat sy burgers besig is om hulle graan te oes. Hulle is nie onwillig om aan die oproep/.....

17). Bijvoegsel tot de Staats-courant der Z.A.Republiek, 17 Mei 1883. (Uit die toespraak van die Staatspresident voor die lede van die Volksraad, 8 Mei 1882).

18). Ibid.

19). Uitvoerende Raad 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 318, 12 Oktober 1882.

roep van die regering gehoor te gee nie, maar behalwe dat hulle baie besig was met die insameling van die oes, word hulle distrik ook erg deur 'n maselepidemie geteister. Sy kommando sou op 24 Oktober te Wonderfonteinog in die Potchefstroomse distrik bymekaarkom om daarvandaan na Mapochsland te gaan. Hy self kon op daardie tydstip nie sy burgers vergesel nie, want sy hele huisgesin het aan die masels platgelê. So gou as toestande dit toelaat, sou hy volg.²⁰⁾

Cronje kom hier weer netsoos voorheen teenⁿ die regering in opstand. Die redes waarom sy burgers nie onmiddellik aan die oproep gehoor gee nie, is nie oortuigend genoeg nie. Hy was nie onwillig om die opdrag uit te voer nie, maar wou sy eie tyd daarvoor gebruik. Hy het daarvan gehou om sy eie sin deur te voer. Die verskoning wat hy vir homself aangevoer het, blyk oortuigend genoeg te wees.

Cronje se manskappe het op die bepaalde tyd vanaf Wonderfonteinog vertrek en teen die end van Oktober by Hoedspruit, 'n paar myl ten weste van Niabel se hoofstat, by Joubert se kommando, wat direk teen die vesting van die vyand opgetrek het, aangesluit. Joubert se getalsterkte het toe uit ongeveer 2,000 manskappe bestaan.²¹⁾
Op/.....

20). R:11/82 in K.G.271 : Brief van P.A.Cronje aan die regering, 17 Okt. 1882.

21). De Volksstem, 18 Oktober 1882; Van Oordt, bls.390; Theal, bls.137.

Op 4 November 1882 het Joubert sy ultimatum aan Niabel gestuur.²²⁾ Die Kommandant-generaal, het hom gewaarsku om die bevele van die regering stiptelik uit te voer. Hy kry tyd tot die volgende môre om die ultimatum te beantwoord.²³⁾ Niabel het versuim om sy plig na te kom.²⁴⁾ Hy was vir die stryd wat op 7 November ontbrand het, gereed.²⁵⁾

'n Paar dae nadat die stryd teen die Mapochstam begin is, was Cronje se huislike omstandighede so gunstig dat hy self na die oorlogsterrein kon gaan. Teen die middel van November het hy daar aangekom en die bevel oor sy burgers oorgeneem. Sy manskappe het hulle laer regs van die pad na Bothasberg, aan die oostekant van die hoofstat van Niabel opgerig en dit Potchefstroomlaer genoem.²⁶⁾

As kommandant het Cronje op die krygsraad sitting gehad waar die aanvalsplanne en oorlogstaktiek bespreek is.²⁷⁾ Die krygsraad het besef dat die stryd teen Niabel en Mampoer nie maklik gevoer sou word nie. Die natuurlike was/.....

22). De Volksstem, 15 November 1882. Die ultimatum is deur 'n Duitser, kaptein Riedel, geneem. Hy was baie lief vir 'n sopie.

23). R.4598/82 : Brief van P.J. Joubert aan die regering, 5 November 1882.

24). Ibid. Niabel het voorgegee dat hy te siek was om met die Kommandant-genl. te onderhandel, maar sou die volgende môre sy tolk en 'n paar hoofgeneraals stuur om sake te bespreek. Hy het egter die tolk en 'n paar gewone natuurlike gestuur, en sy ooreenkoms dus verbreek.

25). R.4598/82: Brief van die Komdt.-genl. aan die regering, 7 November 1882.

26). Vgl. sketskaart.

27). G.W. Eybers, bls. 389, art. 112 van die Grondwet:
 " De krygsraad zal bestaan uit al de officieren en ambtenaren die aanwezig zijn."

was deeglik van vuurwapens voorsien. Niabel se hoofstat
 was ook op 'n hyna oninneembare bergvesting geleë.²⁸⁾
²⁹⁾

Orals rondom die hoofstat en omliggende rotsagtige kop-
 pies en aan die hange van die ruigbegroeide berge, was
 ander goedverskanste krale, wat buitendien deur 'n netwerk
 van grotte, spelonke en slote uitstekende skuiling aan
 die opstandige naturelle gebied het.³⁰⁾

Dit sou dus nie maklik gaan om die stam deur
 middel van openlike gevegte tot oorgawe te ^{dwing} nie. Die
 mees voor die handliggende plan was om die terrein van die
 vyand stelselmatig deur 'n reeks ^{forte} te omring, hul-
 le weg te hou van die landerye om sodoende hulle voedsel-
 voorrade uit te put en dan te onderwerp, of, as dit nie
 slaag ^{nie}, die vestings te ondermyn en deur middel
 van dinamiet in die lug te laat spring.³¹⁾

Cronje het vanaf Potchefstroomlaer aan die ooste-
 kant van die hoofstat sy aanvalle teen die vyand gemaak.
 Ooreenkomstig die beleid deur die krygsraad neergelê, het
 hy dadelik 'n fort op Steenkampsberg ^{begin} bou. Die werk het
 vinnig/.....

28). Prof.Dr.S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers,
 bls.192. Die vuurwapens is in groot hoevee-
 lude deur Engelse smokkelaars ingevoer.
 Die smokkelhandel het so erg toegeneem dat
 daar binne vier en 'n half jaar 400,000
 gewere aan naturelle verskaaf is. Daarvan het
 die Mapochers ongetwyfeld 'n groot hoevee-
 lheid in hulle besit gehad.

29). Theal, bls.135; H.P.van Coller, bls.118.

30). Ibid.

31). De Volksstem, 15 November 1882. (Korrespondent uit
 Hooflaer aan die regering te Pretoria).

vinnig gevorder want klippe was daar volop. Op 8 Desember is die fort voltooi, ~~wat die~~ Potchefstroomfort genoem. is Cronje en sy burgers het ^{hulle} intrek geneem en hiervandaan die stellings van die vyand onder kanonvuur ~~gesteek~~. Die uitwerking was voortreflik. ³²⁾

Op die môre van 18 Desember het Cronje met drie honderd man en tweehonderd ^{helpers} natuurlike koppie waarin baie vyandelike natuurlike skuiling gesoek het, aangeval. Na 'n hardê geveg het hy nie daarin kon slaag om die vyand uit hulle skuilplekke te verdryf nie. Die enigste oplossing was om vuur in die openinge van die spelonke te maak en deurmiddel van rook die natuurlike uit die skuilings te dryf. Hierdie proses het geen uitwerking gehad nie. Hy het toe oorgegaan om dinamiet te gebruik. Die uitwerking was suksesvol. Baie natuurlike is gedood, hulle graan is verniel en sestig bokke wat in die spelonk verskuil was, is buitgemaak, sodat Cronje en sy burgers van vars vleis voorsien was. ³³⁾

Weens gebrek aan grofgeskut en omdat die natuurlike in onderaardse vestings verskuil gebly het, het die krygsraad besluit om voorlopig die aanvalle te staak en die vyand verder uit te honger deur hulle landerye te verwoes en nog meer forte te bou. Baie burgers is teen hier die tyd verlof toegestaan om na hulle plase terug te gaan. Sodra daar weer ander manskappe hulle plekke opgevul het/.....

32). K.G.271 : Brief van P.A.Cronje, Laager Steenkampberg, 8 Des. 1882.

33). De Volksstem, 24 Jan. 1883. (Korrespondent, Mapochsland.).

34)

het , sou die aanvalle voortgesit word.

Terwyl die gevegte tydelik gestaak is , het Cronje met 'n maand verlof na sy plaas teruggegaan. Op 10 Januarie 1883 het hy die laer verlaat terwyl kommandant Theunissen tydelik sy plek gevul het.

35)

Gedurende sy afwesigheid van Mapochsland het Cronje al sy kragte ingespan om al die agtergeblewe burgers in sy distrik op te kommandeer om saam met hom na die oorlogsterrein te gaan. Sy ondervinding op die slagveld het hom laat besef dat dit noodsaaklik is dat elke burger sy plig moes doen. Met 'n groot mag tot sy beskikking sou die Kommandant-generaal daarin slaag om gou 'n einde aan die oorlog te maak.

36)

Op 14 Februarie 1883 het Cronje aan die hoof van 'n sterk kommando uit Potchefstroomdistrik sy opwagting in Mapochsland gemaak. Sy laerwat uit honderd-en- vyftig waens bestaan het, het hy suid van die ou Potchefstroomlaer opgestel.

37)

Die lewe het teen hierdie tyd ondraaglik vervelig geword omdat daar byna niks geveg is nie. Baie burgers was so terneer gedruk dat hulle die waens wou inspan om huis-toe te ry. Die aankoms van Cronje en sy manskappe het sommige weer met moed besiel, want nou kon die gevegte weer/.....

34). K.G.271 : Rapport van die Komdt.-genl. aan M.W. Pretorius, Hooflaer, 3 Jan. 1883.

35). De Volksstem, 24 Jan. 1883. (Verslag van die korrespondent uit Hooflaer).

36). Brief van P.A.Cronje, Rhenosterfontein, Pk. Kuilfontein, dist. Marico, 10 April 1942 aan skrywer.

37). De Volksstem, 24 Jan. 1883. (Korrespondent uit Hooflar).

weer voortgesit word. Cronje het die algehele neerslagtigheid raakgesien en die burgers uitgenooi om by 'n samekoms deur die Kommandant-generaal toegesprek te word. Dit het hulle laat besluit om die stryd opnuut voort te sit. ³⁸⁾

Cronje het op 20 Februarie 1883 van sy burgers wat op die punt gestaan het om met verlof na hulle huise te vertrek, toegesprek en bedank vir die getroue dienste wat hulle aan die land bewys het. Sy nuwe kommando wat saam met hom gekom het, het hy gelas om die waens in te span, hulle goedere op te laai en die laer twee myl hoër op tot by Steenkampsvleipoort te verplaas. Op die manier sou die burgers nader aan die terugtrekkende vyand wees en sou die aanvalle makliker van stapel gestuur kon word. Die vegtende burgers in die forte sou makliker en vinniger van lewensmiddele en ammunisie voorsien kon word. Die nuwe laer is netsoos die oue gevorm. ³⁹⁾

Op die middag van dieselfde dag het Cronje en sy offisiere na die hooflaer oorgery om by die krygsraadsitting teenwoordig te wees. ⁴⁰⁾ Hier is op voorstel van die Kommandant-generaal besluit om een van die sterkste vestings, Spitskop, in te neem. Dit was 'n deeglik verkanste kop wat deur middel van voetpaadjies direk met die hoofstat verbind was. Cronje het hom met hierdie voorstel verenig en op 25 Februarie weereens die vergadering bygewoon/.....

38). Ibid.

39). De Volksstem, 3 Maart 1883. (Korrespondent uit Hooflaer); Sketskaart van oorlogsterrein te Mapochsland.

Die laer was as volg gevorm:- Komdt. Weilbach se kommando met 58 waens is op die oosflank geplaas, terwyl Cronje se manskappe met 75 waens die wesflank uitgemaak het. Tussen die waens is 'n straat van 175 tree wydte gelaat.

40). Ibid.

gewoon om te besluit hoe die aanval gemaak sou word. ⁴¹⁾

Verskeie pogings is aangewend om Spitskop in te neem, maar dit het telkens op 'n mislukking uitgeloop. ⁴²⁾
Die natuurlike het geen weerstand meer gebied nie, maar het nog die volgende paar maande hardnekkig bly weier om uit hulle skuilplekke te kom en oor te gee. Die Boere het ewe hardnekkig met hulle omsingelings- en uithongeringstaktiek volgehou. Op 8 Julie kon Niabel dit nie langer volhou nie en het hy die geboeide Mampoer aan Joubert uitgelewer. ⁴³⁾ Twee dae later het hy met agt duisend van sy volgelingen onvoorwaardelik aan Loubert oor- ⁴⁴⁾gegegee.

Die Mapoch-oorlog is dus na 'n stryd van agt maande ten gunste van die Suid-Afrikaanse Republiek beëindig. Gedurende hierdie tyd het Cronje as krygsman sy regmatige aandeel aan die verdediging van sy land geneem. In hierdie oorlog het hy nie 'n buitengewoon belangrike rol gespeel nie en daar het niks voorgeval om hom op die voorgrond/.....

41). K.G.272: Krygsraadsnotule, 20 en 25 Febr. 1883.

Dit is besluit om die kop te ondermyn.

Daar moes 'n loopgraaf na die kop gegrawe word, vanuit die loopgraaf weer 'n onderaardse tunnel tot by die kop sodat dit met 'n lading dinamiet opgeblaas kon word.

42). K.G.272 : Brief van die Komdt.-genl. aan die regering, Hoofkwartier, 27 Junie 1883.

Die kop kon weens ondeurdrinbare rotslae nie opgeblaas word nie.

43). De Volksstem, 8 Julie 1883; Theal, bls.138; Van Oordt, bls. 392 gee die datum foutiewelik 6 Julie 1883.

44). De Volksstem, 18 Julie 1883; Theal, Ibid.; Van Oordt, Ibid.

voorgrond te plaas nie. Maar sy optrede in die vorige vry-
 heidstryd en nou ook weer in hierdie oorlog, het hom 'n
 belangrike plek in die ry van vername persone besorg. Kort
 hierna is hy as kandidaat vir die belangrike pos van Kom-
 mandant-generaal teenoor Piet Joubert, H.P.Malan en tien
 ander krygsmanne gestel. ⁴⁵⁾ Joubert het die pos beklee
 maar op 30 Januarie 1883 het hy aan die regering geskryf
 dat hy nie 'n krygsman is nie en nooit begeer het om of-
 fisier te word nie. Daarom versoek hy die regering om 'n
 verkiesing vir die pos Kommandant-generaal uit te skryf. ⁴⁶⁾

Die Volksraad het die brief in sy sitting van
 12 Mei 1883 behandel. Daar is baie geredeneer voordat
 daar besluit is om aan die versoek van Joubert te vol-
 doen. ⁴⁷⁾ Die verkiesing is tussen 15 Oktober en 15 Novem-
 ber 1883 gehou. Joubert het 'n oorweldigende meerderheid
 van stemme ontvang, terwyl daar slegs 21 en 15 op Malan
 en Cronje onderskeidelik uitgebring is. ⁴⁸⁾ Joubert was
 naas/.....

45). Staatscourant der Z.A.Republiek, 17 Jan. 1884.Nr.
 153, kennisgewing Nr.17.

Die ander kandidate was:- D.J.Erasmus, I.P.Ferreira,
 N.J.Smit, D.Weilbach, P.P.Roets, F.J.Joubert, H.P.N.
 Pretorius, P.W.Jordaan, P.S.Steenkamp en A.J.Vorster.

46). K.G.271: Brief van P.J.Joubert aan die regering,
 Hoofkwartier Niabelsstat, 30 Jan.1883.

47). De Volksstem, 23 Mei 1883; Volksraadsnotule, art.63,
 12 Mei 1883 in Staatscourant der Z.A.Republiek, 31
 Mei 1883.

48). De Volksstem, 16 Oktober 1883 en 22 Jan.1884; Staats-
 courant der Z.A.Republiek, 17 Jan. 1884.Nr.153,
 Kennisgewing Nr.17.
 Die stemming was as volg:-

P.J.Joubert	3260.	F.J.Joubert	2.
H.P.Malan	21.	H.P.N.Pretorius	2.
P.A.Cronje	15.	P.W.Jordaan	1.
D.J.Erasmus	14.	P.S.Steenkamp	1.
I.P.Ferreira	13.	A.J.Vorster	1.
N.J.Smit	4.	D.Weilbach	5.
P.P.Roets	4.		

naas Kruger die mees vertroude en gewilde persoon in die Suid-Afrikaanse Republiek. Cronje was nie teen hom opgewasse nie en moes noodwendig teen hom 'n verpletterende neerlaag ly.

Alhoewel Cronje by hierdie verkiesing uitgeval het, sou hy tog kort hierna deur die regering in die pos aangestel word. Joubert is die volgende jaar saam met H.J. Schoeman ⁴⁹⁾ andermaal na die suidwestelike grens van die Republiek gestuur om die grensgeskil daar te probeer oplos. ⁵⁰⁾ Op 15 September 1884 is hy deur die regering teruggederoep omdat sy teenwoordigheid op die oostelike grense en Zoeloeland, volgens bewering, dringend noodsaaklik was. Ds. S.J. du Toit, die Superintendent van Onderwys in Transvaal, is in sy plek as plaasvervanger na die suid- ⁵¹⁾ westelike grens gestuur.

Joubert het hierdie handelwyse van die regering ⁵²⁾ as 'n belediging beskou en daarom sy bedanking ingedien. Hierdie stap van hom het die regering in 'n moeilike posisie geplaas. Hy het so pas met byna eenparige stemme die oorwinning oor Malan, Cronje en die ander kandidate behaal/.....

49). Lid van die Lokasie-kommissie.

50). Uitvoerende Raad 6: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 204, 9 Augustus 1884.

51). Volksraadsnotule, 28 Aug. 1884, art. 291, in Staatscourant der Z.A. Republiek, 18 September 1884; Volksraadsnotule, 22 September 1884, art. 531, in Staatscourant der Z.A. Republiek, 30 Oktober 1884; J.A. Mouton, bls. 134.

52). Joubert-Kolleksie. 1995 : Brief van P.J. Joubert aan die regering, 29 September 1884; Van Oordt, blse. 438 - 439; De Volksstem, 7 Oktober 1884.

behaal. Die vertroue wat die inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek in hom gestel het, sou deur hierdie stap geweldig geskok word. Daarom is sy bedanking in 'n geheime sitting van die Volksraad behandel. Kruger was bang dat die publiek hom sou verdink as die saak agter geslote deure behandel word en het heftig gepleit vir die opheffing van die geheime sitting en vir bekendmaking aan die publiek.⁵³⁾ Cronje het die sienswyse van die president gedeel en wou ook graag hê dat die saak in die openbaar behandel word. As daar werklik griewe bestaan, moes probeer word om dit uit die weg te ruim. Dit sou nie billik teenoor Joubert en ook nie teenoor die publiek wees as die werklike redes vir sy optrede verswyg word nie.⁵⁴⁾ Cronje het van die waarheid gehou.

Die gevolg hiervan was dat daar 'n kommissie van vyf lede gekies is om 'n vertroulike onderhoud met die Kommandant-generaal te hê om die redes vir sy bedanking uit te vind.⁵⁵⁾ Hulle het Joubert op 2 Oktober en daarna weer op 7 Oktober ontmoet, maar die besprekings is sonder sukses beëindig. 'n Tweede kommissie is benoem om 'n konsepbesluit/⁵⁶⁾...

53). Volksraadsnotule, Geheim 88, art.691; De Volksstem, 30 September en 7 Oktober 1884.

54). Cronje as Volksraadslid word in die volgende hoofstuk behandel.

55). Volksraadsnotule, art.696, 1 Oktober 1884.

Die kommissielede was:-

N.J.Smit, J.J.Hoffman, A.A.Stoop, C.L.Neethling en N.S. Malherbe.

56). Volksraadsnotule, art.860, 13 Oktober 1884.

Hierdie kommissie het bestaan uit J.J.Hoffman, N.J. Smit en C.L.Neethling.

'n konsepbesluit op te stel om Joubert te versoek om op sy pos te bly totdat die Raad voldoende voorsiening vir die opvulling van die vakature gemaak het. ⁵⁷⁾

Die kommissie het daarop gewys dat, aangesien daar geen bepalinge in die Grondwet of ander landswette gevind kon word waardeur die Kommandant-generaal verplig word om sy betrekking te hou totdat 'n nuutgekosene sy plek kon vul nie, die Volksraad hom moes versoek om die betrekking waar te neem totdat iemand anders aangestel is. Indien hy weier, moes die Volksraad die regering opdra om onmiddellik iemand tydelik in die pos aan te stel. ⁵⁸⁾

Joubert was beslis en wou nie aan die versoek voldoen nie. Die Volksraad was dus verplig om die regering op te dra om die pos tydelik te vul. Dit was 'n maklike taak. Die mees voor die handliggende plan was om een van die medekandidate van Joubert in die vorige verkiesing aan te stel. Malan en Cronje het, alhoewel daar weinig stemme op hulle uitgebring is, tog die meeste stemme ontvang. Van hierdie twee persone het Cronje hom reeds in die verdediging van die onafhanklikheid van sy land in vorige oorloë meer as Malan onderskei en die regering se voorkeur geniet. Op 21 Oktober 1884 het die regering hom in die plek van Joubert as waarnemende Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek aangestel en as sodanig was hy ook lid van die Uitvoerende Raad. ⁵⁹⁾
 Cronje/.....

57). Volksraadsnotule, art. 836, 9 Oktober 1884.

58). Ibid., art. 860, 16 Oktober 1884.

59). Staats-Courant der Z.A. Republiek, 30 Oktober 1884. Kennisgewing Nr. 298; R. 288/84: Brief van Cronje aan die regering Pretoria, 22 Oktober 1884.

Cronje het met hierdie aanstelling die hoogste militêre betrekking in die land bekleë. Hy het as sodanig oor die oppergesag van die militêre magte van die Republiek beskik. Hy het direk onder die Staatspresident en die Uitvoerende Raad gestaan, maar was ook aan die Volksraad, veral vir die uitslag van 'n kommando, verantwoordig verskuldig. Hy het op die Volksraad sitting gehad en moes as lid van die Uitvoerende Raad by die behandeling van kryg⁶⁰⁾sake teenwoordig wees.

Die Kommandant-generaal het gelyktydig die pos van Superintendent van Naturelle bekleë.⁶¹⁾ 'n Paar dae voordat Joubert bedank het, en wel op 22 Oktober 1884, het die Volksraad besluit om die pos van Superintendent van Naturelle van die van Kommandant-generaal te skei. Die Superintendent van Naturelle sou voortaan ex-officio lid van die Uitvoerende Raad wees.⁶²⁾ Maar voordat hierdie besluit deurgehoer is, het Joubert bedank en is die vakature tydelik deur die heer C.J. Joubert gevul. Cronje het dus nie opgetree as Superintendent van Naturelle nie maar slegs die pos van Kommandant-generaal bekleë.

Cronje het die betrekking met bekwaamheid waargeneem. Gedurende die paar maande het daar rus en vrede binne die grense van die Republiek geheers. Dit was dus nie nodig om ekspedisies teen naturelle stamme of ander vyande van die Republiek te lei nie. Hy het sy aandag veral/.....

60). G.W. Eybers: Select Constitutional Documents..., bls. 301, art. 121 van die Grondwet van 1858.

61). Op 8 Augustus is die Sekretaris van Naturellesake deur 'n Superintendent van Naturelle vervang.

62). Uitvoerende Raadbesluit, art. 179, Junie 1885.

al aan die administratiewe hoedanighede van die pos bestee.
As lid van die Uitvoerende Raad het hy op 24 Oktober 1884
sitting geneem. ⁶³⁾ Hy het die vergaderings getrou bygewaan
totdat hy op 30 Junie 1885 deur P.J.Joubert in hierdie
hoedanigheid vervang is. ⁶⁴⁾

Omdat die Volksraad besluit het om die Kommandant-
generaalskap slegs tydelik te vul, het hy in die begin
van 1885 daartoe ^{oorgegaa} om 'n eleksie vir die verkiesing van 'n
permanente persoon uit te skryf. Joubert, wat intussen die
griewe teen die regering opsy gestoot het, het hom die
kandidatuur hiervoor laat welgeval. Cronje, Malan en nog
sewe ander kandidate het hulle vir die betrekking ver-
kiesbaar gestel. ⁶⁵⁾ Joubert het andermaal met 'n groot meer-
derheid van stemme die oorwinning behaal, terwyl Cronje
die tweede meeste stemme op hom verenig het, 'n bewys dat
hy as militêre leier naas Joubert die mees vertroude
persoon in die Suid-Afrikaanse Republiek was, alhoewel
hy nog geen tien persent van die totale aantal stemme-
ontvang/.....

63). Uitvoerende Raadsnotule, 27 Oktober 1884.

64). Uitvoerende Raadsnotule, 30 Junie 1885.

Op die sittings van 23 Maart en 22 April 1885 was
Cronje afwesig; origens was hy altyd teenwoordig.
Omdat slegs die besluite van die Uitvoerende Raad
genotuleer is, kon ons nie vasstel of hy enige in-
vloed hier uitgeoefen het nie.

65). Staats-courant der Z.A.Republiek, 29 April 1885. Die
ander kandidate was:-
H.P.N.Pretorius, J.H.M.Kock, N.J.Smit, D.J.Erasmus,
H.S.Schoeman, J.J.Fourie en L.D.Fourie.

66)
ontvang nie.

Die uitslag was vir Cronje teleurstellend. Joubert het sy kans om as blywende Kommandant-generaal aangestel te word, verongeluk. Daarom was hy ontevrede om langer sy pos van kommandant vir Potchefstroom-distrik waar te neem. Hierdie betrekking lê hy op 6 Julie 1885 neer en vra die regering om sy agterstallige salaris aan te suiwer.⁶⁷⁾ Die redes vir sy bedanking word verswyg. Sy bedanking kan alleen aan sy nabyer op Joubert toegeskryf word.

Net ná Joubert het hy sy teleurstelling gou vergeet en weer sy betrekking aangeneem om gedurende Desember 1885 teen Dawid Massouw Riet Taaibosch, opperhoof van die Korannastam te Mamoesa aan die Hartsrivier, te velde te trek.⁶⁸⁾

Dawid het astant geword en die gesag van die Suid-Afrikaanse Republiek uitgetart deur herhaaldelik veediefstalle binne die grense van die Republiek te pleeg. As gevolg hiervan is Kommandant-generaal Joubert na die wesgrens gestuur om die beweerde klagtes te ondersoek.
Joubert/.....

66). Uitvoerende Raadsbesluit, art. 179, Junie 1885; R.4535/84 inhoudende uitslag van verkiesing van Komdt.-genl. Die stemme was as volg:-

P.J. Joubert	3915.	P.A. Cronje	396.
H.P. Malan	24.	H.P.N. Pretorius	22.
J.H.M. Kock	10.	N.J. Smit	5.
D.J. Erasmus	3.	H.S. Schoeman	2.
L.D. Fourie	1.	J.J. Fourie	1.

67). R.5189 by R. 3678/85: Brief van P.A. Cronje aan P.J. Joubert, Schoonspruit, 6 Julie 1885.

68). Herinneringen, 15 September 1913.

Joubert het gou tot die besef gekom dat die toestande kritiek is en dat Massouw se houding moeilikheid voor-
 spel. As gevolg hiervan het Joubert dit raadsaam geag om 'n aantal burgers op te kommandeer om die weerspannige opperhoof tot gehoorsaamheid te dwing. Cronje is beveel om met sy burgers na die Hartsrivier op te trek. Met 'n kommando van oor die tweehonderd man het hy die Komman-
 dant-generaal te hulp gegaan. ⁶⁹⁾ Op 21 November spreek Joubert sy dank uit teenoor hom omdat hy so gou aan die oproep gehoor gegee het. Joubert beveel hom om op die plek waar hy die brief ontvang, met sy kommando te wag
⁷⁰⁾ totdat hy verdere bevele kry.

Op 26 November 1885 rig Joubert aan Massouw 'n brief waarin al sy oortredings opgesom word. Hy moes binne vier-en-twintig uur voor Joubert verskyn. Indien hierdie opdrag verontagsaam word, sou hy vir die gevolge verant-
 woordelik wees. ⁷¹⁾

Terwyl die Kommandant-generaal op Massouw se ant-
 woord wag . . . , het hy en Cronje die vyand se stellings verken en opgemerk dat baie gewapende Korannas agter die klippe skuilhou Massouw het nie opgedaag nie. Oorlog was onvermydelik. Op die aan^d van 1 Desember is krygsraad gehou en besluit om die Korannas die volgende môre aan
 te val. ⁷²⁾

Vroeg/...

- 69). K.G.282(2): R.447/86: Brief van P.A.Cronjé aan Komdt.-genl.P.J.Joubert, 18 Mei 1886.
 70). K.G.282(a): Brief van P.J.Joubert aan P.A.Cronje, van Niekerksrust, 21 November 1885.
 71). K.G.282(a): Brief van P.J.Joubert aan Kaptein Dawid Massouw, van Niekerksrust, 26 November 1885.
 72). K.G.282(a): Notulen Eener Krygsraadsvergadering gehouden op den 1 sten dag van Dec.1885.

Vroeg die môre van 2 Desember 1885 was Cronje en sy manskappe in die saal, gereed om aan te val. Op daardie oomblik het 'n adjudant van Joubert verskyn en meegedeel dat die Korannas na hulle bergvesting terugtrek. Joubert het Cronje gelas om die drie voetpaaie wat na die berg gelei het, te bewaak. Twee van die paadjies is beset, terwyl veldkornet De la Rey die ander paadjie bewaak het. ⁷³⁾

Cronje was nie van plan om die hele dag daar te sit en niks te doen nie. Sy burgers het ongeduldig op 'n teken gewag om die vesting van die vyand te bestorm. Hy het na die kant van die rang gery en die teken gegee. Halsoorloop het die burgers gestorm. Aan die voet van die rang was 'n waterstroompie. Die burgers met goeie perde het oorgespring maar sommige het in die water te lande gekom. ⁷⁴⁾

Na 'n rukkie het die manskappe die berghang beklim en oor die eerste vyandelike skanse gegaan. Cronje het opgemerk dat sy manskappe in klein klompies bymekaar gery het. Hy het net omgedraai om hulle tot groter versigtigheid te maan toe 'n klompie Korannas byna vlak voor hom met gewere in die hande opgestaan het. Hulle het gevra waarheen die Boere gaan. Cronje wie se hele lewendeur onverskrokkenheid gekenmerk was, het sy teenwoordigheid van gees behou en vinnig tussen die gewapende Korannas/.....

73). De Volksstem, 10 Desember 1885. Dit was die latere bekende Boeregeneraal.

74). De Volksstem, 31 Desember 1885: Brief van Ds. Radloff aan De Express hierin herdruk;

rannas ingery. Met sy geweer in die holster, die sterk vingers van die linkerhand om die teuels gekrul, sy karwats in die regterhand, beveel hy Dawid Massouw en sy volgelinge om hulle wapens neer te lê en oor te gee. Oomblikke van spanning het gevolg. Met 'n uitdaende geskreeu en gevloek het hulle Cronje se bevel beantwoord. Cronje het sy perd vinnig omgeruk om die koeëls wat op hom losgetoer het, te ontduik. Sy perd is onder hom doodgeskiet.⁷⁵⁾ 'n Woeste geveg het ontbrand. 'n Hele aantal Boere het gesneuwel. Aan die kant van die Korannas was die slagting groot. Baie lyke het die veld bedek. Dawid Massouw en sy seun het albei in hierdie skermutseling die lewe ingeskiet.⁷⁶⁾

Teen sonder het die Korannas na hulle bergvestings uitgewyk en kon Cronje en sy afgematte burgers na die laer terugkeer. Dieselfde nag nog het die Korannas 'n tweede aanval gewaag en probeer om deur die Boerelinies te breek, maar na 'n kort geveg is hulle weer eens teruggeslaan.⁷⁷⁾ Om tienuur die volgende môre, 3 Desember 1885, het die Korannas oorgegee en daarmee is die oorlog beëindig.⁷⁸⁾

Die volgende dag is op die krygsraadsvergadering besluit/.....

75). P.A.Cronje, seun van die generaal aan skrywer, Cyferfontein, Pk.Kuiffontein, Dist.Marico, 10 Febr. 1943.

76). De Volksstem, 31 Desember 1885: Die verliese word as volg aangegee:- Korannas: Gedood 150.
Gewond 100.

Boere gedood: 10.
gewond: Etlikes.

77). De Volksstem, 31 Desember 1885; Herinneringen, 15 September 1913.

78). Ibid.

besluit om 210 oproerlinge na Pretoria te vervoer ter-
wyl Cronje en veldkornet J.H.De la Rey 369 meide en kin-
ders na Potchefstroom en Lichtenburg moes neem. ⁷⁹⁾

'n Week later het die krygsraad sy werksaamhede
afgehandel. Cronje het kort hierna met sy afdeling van
die krygsgevangenes na Potchefstroom vertrek. ⁸⁰⁾

79). K.G. 282(a): Notule Eener Krijgsraadsvergadering
gehouden op heden den 5 den dag van
December 1885.

80). K.G.282(a): Ibid., 11 December 1885.